PRO VERITATE

Editorial

## VENI CREATOR SPIRITUS

No one can deny the need for the Church to be renewed, and in a sense all Christians are working and praying for a recreation of its life by Christ. But how do we expect this to happen and what will it cost?

We must not expect the Church to be renewed without the renewal of each one of us. We cannot expect a new manifestation of God's power in the life of the Church while we deny God's right to tell us how we must live; while we water down God's commandments to conform with the standpoint of the society in which we live; while we approach the problems of racial tension and bitterness, of family life and divorce, of business and political truthfulness, in the same way as those who own no allegiance to Christ; while we are unwilling to suffer the criticism, scorn and slandering insinuations of those who regard God's commandments as idealistic, impractical and a threat to our survival. All this points to the fact that we who are Christ's Church can only be renewed at the foot of His Cross.

Neither must we expect the Church to be renewed by our confessing the sins of *other* Christians. Official and unofficial statements of various denominations and individuals suggest that we all subscribe to a theology of "vicarious confession" instead of vicarious suffering! Depending on the denomination to which you belong it is either the Government, or the English-press, or the Broederbond, or the Free Masons, or the Independent African churches, or the Archbishop, or Article 3, or the Dutch Reformed Churches, or the English-speaking churches, etc., which is to blame for the powerlessness of the Church in South Africa, and for the fact that we are so hopelessly divided and so often at loggerheads with each other. Would that there were 'vicarious confession' — the sins of all whom we have mentioned would long ago have been forgiven *and cleansed!*

When we recall the season of the Christian year which is being celebrated at present we will be able to see what it costs to be part of the renewal of Christ's Church. The Cross and Resurrection of our Lord, His ministry to the disciples before His Ascension and their preparation for Pentecost, are both a judgment on the shallowness of much of our thinking about unity and renewal, and also God's answer to our need to be recreated by Christ. The Biblical record of this events tell us what it costs for the Church to be renewed. Without fuss or high-sounding phrases we see why we need to be recreated — the selfish intrigues of a Judas; the political expediency of a Caiaphas; the spinelessness of a Pilate; the 'big-talk' and 'no-action' of a Peter — then as now it is as easy as this to raise a Cross.

But this is fortunately not the whole story. God comes to the rescue — 'Christ is risen!' He ministers to His disciples before His Ascension, and they continue to pray together and to seek God's will in His Word. He also prayed for them — 'may they all be one; as We are one' — in a visible unity of obedience and love. On Pentecost 'they were all together in one place', for 'when any person is recreated by Christ he is a new person altogether! (2 Cor. 5 : 18).

*Veni, Creator Spiritus!*

OORDENKING:

## Die voorbidders na wie God soek

O Jerusalem, ek het wagte op jou mure uitgesit, wat gedurigdeur die dag en die hele nag nie sal swyg nie. O julle wat die Here aan sy beloftes herinner, moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie. — Jes. 62 vss. 6,7.

DR. ANDREW MURRAY*

*Wagters word gewoonlik op stadsmure geplaas om kennis aan die owerstes van komende gevare te gee. God stel wagters aan nie slegs om mense te waarsku nie — dikwels wil hulle nie gehoor gee nie — maar ook om sy hulp in te roep, watter nood of vyand hulle ook bedreig. Die groot teken van die voorbidders is dat hulle nie dag of nag swyg nie, geen rus neem nie en God nie met rus laat nie, tot die verlossing kom. In die geloof kan hulle staat maak op die versekering dat God hulle gebed sal verhoor.*

*Dit is met betrekking hiermee dat ons Here Jesus gesê het „Sal God dan nie regdoen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie?" Uit elke land word die geroep gehoor dat die Kerk van Christus onder die invloed van die mag van die wêreld, en die wêreldgesindheid wat daarmee gepaard gaan, besig is haar invloed oor haar lede te verloor. Daar is slegs min bewys van Gods teenwoordigheid in die bekering van sondaars of die heiligheid van sy volk. By die groot meerderheid van Christene is daar 'n totale nalaat van God se oproep om deel aan die uitbreiding van sy koninkryk te neem. Die krag van die Heilige Gees word selde ondervind.*

*Onder al die besprekings aangaande wat gedoen moet word om jong- en oumense belang te laat stel in die ondersoek van Gods Woord, of liefde op te wek vir die diens van sy Huis, hoor ons weinig van die onmisbare noodsaaklikheid van die krag van die Heilige Gees in die amp en die lidmaatskap van die Kerk. Ons sien min oortuiging en belydenis dat dit aan die gebrek van gebed toe te skryf is dat die uitwerking van die Gees so flou is, en dat verandering alleen deur verenigde vurige gebed teweeggebring sal word.*

*As daar ooit 'n tyd was dat Gods uitverkorenes dag en nag tot Hom sou roep, dan is dit Nou. Sal u nie, liewe leser, uself aan God aanbied vir hierdie werk van voorbidding, en leer dit as u hoogste voorreg te beskou om 'n kanaal te wees deur wie se gebede Gods seëninge na die aarde gebring kan word?*

GEBED

Altyd geseënde Vader, verhoor ons, bid ons U en wek self voorbidders op, sulkes soos U graag wil hê. Ons smeek U, gee ons manne en vrouens om in herinnering te bring, hulle wat nie rus nie, en wat U sonder rus laat totdat U kerk weer 'n lof op aarde word. Geseënde Vader, laat U Gees ons leer om te bid. Amen.

(* *Ons plaas dié oordenking van hierdie groot Godsman met die oog op die besondere betekenis wat dit het vir ons tyd. — Red.*)

MEDITATION:

## HALLOWED BE THY NAME

| | |
|---|---|
| IN INDUSTRY: | God be in my hands and in my making. |
| IN THE ARTS: | God be in my senses and in my creating. |
| IN THE HOME: | God be at my heart and in my loving. |
| IN COMMERCE: | God be at my desk and in my trading. |
| IN SUFFERING: | God be in my pain and in my enduring. |
| IN GOVERNMENT: | God be in my plans and in my deciding. |
| IN EDUCATION: | God be in my mind and in my growing. |
| IN RECREATION: | God be in my lims and in my leisure. |

Holy, Holy, holy Lord of Hosts, Heaven and earth are full of thy glory.

*Inscription in Coventry Cathedral, England.*

*Taken from Christian Recorder d.d March 6, 1964.*

Inleidingsartikel

## DIE VOLKSKONGRES

Dit is jammer dat die Volkskongres voorafgegaan is deur 'n „McCarthy-liberalisme"-strydvraag wat dikwels gekenmerk is deur vaagheid, halwe waarhede en blatante wanvoorstellings. Ons beskou dit as jammer, omdat die oppervlakkige en subjektiewe oordele in dié strydvraag baie openbare en private waardebepalings van die Kongres beïnvloed het. Sommige kon in die kongres slegs 'n opkomende en gevaarlike McCarthyisme sien in alles wat gesê en gedoen is. Ander weer is beïndruk deur alles wat bykomende ammunisie vir die anti-liberale aanval waarin hulle betrokke is, verskaf het.

In hierdie situasie waarin die waarheid lamgelê is deur twee opponerende ideologieë, elkeen vasbeslote om harder te skreeu as die ander, is dit noodsaaklik vir alle Christene om te onthou dat God nie net liefde is nie; Hy is ook Waarheid (Joh. 8 : 26; 14 : 6). En omdat Hy die Waarheid is, is dit nodig dat ons wat daarop aanspraak maak dat ons syne is, sal waarsku teen die vrugteloosheid van hierdie onsinnige en oppervlakkige geskreeu van slagspreuke. As ons dink dat ons enigiets verdedig deur voortdurend „McCarthy" of „liberalis" te skreeu, mislei ons onsself. Nog minder is ons dan besig om 'n bolwerk teen Kommunisme op te rig.

Gelukkig het sommige van die referente op die Volkskongres hulle toegespits op hulle taak in 'n gees van nederigheid en liefde vir die waarheid. Ander weer was minder bestendig maar het tog sporadies getoon dat hulle bewus was van die kern van die vraagstuk. Dus het prof. dr. C. H. Rautenbach die Kongres geopen met die verstandige raad om nie impulsief en emosioneel te reageer teen die aanslag van die Kommunisme nie, maar met redelikheid en sedelikheid. Vragenderwys het hy gemaan tot self-ondersoek: „Dreig ons grootste gevaar werklik van agter die ystergordyn, of lê dit duskant die gordyn?"

Prof. dr. P. F. D. Weiss het in dieselfde trant gemaan dat die Kongres wetenskaplike, nugtere, objektiewe en feitelike voorligting oor Kommunisme moet verstrek. In sy uitmuntende referaat het hy dit ook gedoen.

Voortgaande op hierdie weg het prof. dr. G. Kuijpers van die Amsterdamse Vrije Universiteit 'n besonne en wetenskaplik-gefundeerde ontleding gegee van die wyse waarop Kommunisme „onder die vel van nasionalisme inkruip" en skuil agter nasionalisme; dit tier welig op sosiale, ekonomiese, politieke en rasaardige spanninge.

Asof in antwoord hierop het prof. dr. S. P. van der Walt verklaar: „Ons moet aan die Bantoe, kleurling en Asiaat sê: „Ons het jou lief en ons het jou nodig vir die ontwikkeling van hierdie groot land. God het jou hier geplant en niemand mag jou hier wegneem nie."

Dis nie nodig dat ons verwys na diegene wat hulle oorgegee het aan oppervlakkige slagspreuke nie. Hulle het die enigste loon wat hulle kan verwag, ontvang — publisiteit. Maar genoeg is gesê om die sinneloosheid aan te dui van sowel die Kongres te beskou as 'n manifestasie van McCarthyisme as die verskaffing van 'n nuttige handboek teen die gevare van die liberalisme of die ekumene.

Om hierdie rede wil ons die hoop uitspreek dat die referate wat op die kongres gelewer is, gepubliseer sal word. Dit sal almal wat besorg is oor die dreigement van Kommunistiese invloed in staat stel om die kaf van die koring in hierdie saak te skei. En indien nog kongresse gehou word, vertrou ons dat al die sprekers met sowel die feite as die bekwaamheid toegerus sal wees om die vraagstuk objektief te benader.

J.A.M.